NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 8 AUGUSTUS 2011 BY DIE JOHOTTO NASKOOLSENTRUM, LES MARAIS.

Voorsitter	**Sekretaris**	**Tesourier**
SH Erasmus	HB Groenewald	LC De Jager
Tel 0836349638	Tel (012) 6547438 of 0834694349	Tel 012 6547420

E-pos :herman.groenewald@lantic.net
Faks: 0867508692

1.0 Opening

1.1 Die lede teenwoordig word weer eens welkom geheet.

2.0 Teenwoordig.

2.1 CJJ Snyman (President), SH Erasmus (Voorsitter), HB Groenewald (Sekretaris), LC De Jager (Tesourier), DD Fourie, NL Greyling, FC Hefer, RM Heunis, P Serfontein, I Weyer en LE Weyer.

2.2 Verskoning:
J Botha, JJ Champion, F Du Preez, H Erasmus, B Grobbelaar, D Mare, MT Mey, SA Smit, JPA Spangenberg en CD Venter.

3.0 Nuwe lede.

3.1 Aansoek om lidmaatskap is vanaf Piet Botha ontvang. Hy was ‘n voormalige lid van die klub en sy aansoek word goedgekeur. Die ledegeld vir die komende jaar is betaal.

4.0 Lief en Leed

4.1 Die volgende lede herdenk hul geboortedag gedurende Augustus en gelukwense word aan hulle oorgedra:
RM Heunis (3de), J Botha (9de) en F Hefer (22ste).

5.0 Fondsinsameling.

5.1 Die lede van Yorkshire en Norwich Kanaries is verantwoordelik vir die maandelikse fondsinsameling by die September maandvergadering.

6.0 Bevestiging van notule van vorige vergadering.

6.1 Die notule van die Julie 2011 maandvergadering word goedgekeur.

7.0 Sake voortspruitend.

7.1 Rosette.

7.1.1 Kennis word geneem dat Do Mare en Norman Cawood van die Gloster en Posture Klub hierdie aspek sou uitklaar maar dat daar tot op datum nog nie terugvoering ontvang is nie. Les Weyer onderneem om hierdie aspek met die betrokkenes op te neem en om by die volgende vergadering terugvoering te gee.

7.2 Advertensie vir items te koop/verkoop.

7.2.1 Lourens de Jager het ‘n voëlhok van staal en gesweisde draad te koop.

7.2.2 Les Weyer het skouhokkies en Rosa Burke’s te koop.

7.2.3 Piet Botha benodig dubbele broeikaste en twee Fife hennetjies.

7.2.4 Robert Heunis verneem of enige persoon hom behulpsaam kan wees met ‘n Consort Gloster mannetjie.

7.3 Webruimte. (www.pcbc.co.za)

7.3.1 Ingrid Weyer gee terugvoering oor die vordering met die webruimte.

Daar is reeds inligting beskikbaar op die webruimte en lede kan dit gerus besoek.

7.4 Uitloot van Trollie..

7.4.1 Die trekking vir die wenner van die trollie word gedoen en die gelukkige wenner daarvan is Nico Van Niekerk.

7.5 Betaling van Ledegeld.

7.5.1 Die ledegeld vir die komende jaar was op 1 Julie 2011 betaalbaar gewees. Lede wie se ledegeld nog uitstaande is moet dit voor die einde van Augustus 2011 betaal teneinde te voorkom dat hul lidmaatskap be-eindig word.

7.6 Werksessie.

7.6.1 Ingrid Weyer gee volledige terugvoering oor die antwoorde wat van lede verkry is op die vrae wat opgestel en versprei is. Daar word besluit dat die Dagbestuur aandag aan hierdie aspek sal gee en om so spoedige terugvoering te gee. Dank word teenoor Ingrid uitgespreek vir die taak wat sy verrig het.

7.7 Deure van Houer.

7.7.1 Kennis word geneem dat nuwe slotte op die deure aangebring is en dat die skaniere behoorlik ge-olie is. Die sleutels van die houer is in die besit van Les Weyer.

8.0 Finansiëleverslag.

8.1 Die finansiëlestaat vir Julie 2011 word ter tafel geneem en goedgekeur. Voorgestel deur Neville Greyling en gesekondeer deur Dave Fourie.

9.0 SANCBA.

9.1 Die notule van die Konferensie is ontvang en kennis is geneem van die inhoud daarvan..

10.0 **NRCBA**.

10.1 Die notule van die vergadering gehou op 21 Julie 2011 is ontvang en kennis word geneem van die volgende aspekte:

10.1.1 Die Nasionale Skou 2013 is aan die Indaba Nyoni Klub toegeken.

10.1.2 Kennis is geneem dat Les Weyer en Rassie Erasmus die klub se verteenwoordigers by vergaderings sal wees met Neville Greyling as alternatief.

10.1.3 Affiliasie en ledegeld vir die komende jaar is nou betaalbaar. Goedkeuring word verleen vir die betaling van die gelde.

10.1.4 Aansoek om skoudatums vir 2012 moet voor die einde van Augustus 2011 ingedien word. Die Jacaranda Skou Budgie Verening is volgende jaar verantwoordeliik vir die skou en hulle het aangedui dat daar aansoek gedoen sal word om die Provinsiale Winterskou in samewerking met hierdie klub, Indaba Nyoni en Gloster en Posture Kanarie Klubs aan te bied.

10.1.5 Kennis word ook geneem dat "stewards" by skou hulle daarvan moet weerhou om onnodig met die beoordelaars te gesels.

11.0 Korrespondensie.

11.1 **Jacaranda Skou Budgie Vereniging.**

11.1.1 Kennis word geneem van 'n skrywe wat vanaf Jacaranda Skou Budgie Vereniging ontvang is waarin verneem word of hulle van hierdie klub se stellasies gebruik kan maak vir hul skou wat op 20 Augustus 2011 te Safari plaasvind Hulle sal volle verantwoordelikheid vir die stellasies aanvaar en is ook bereid om 'n donasie aan die klub vir die gebruik daarvan te maak. Na bespreking van die aangeleentheid word daar besluit om die stellasies

beskikbaar te stel teen R20,00 per stellasie en dat die klub volle verantwoordelikheid daarvan moet aanvaar. Die waarde per stellasie is R400,00.

11.2 SH Erasmus.

11.2.1 Kennis word geneem van ‘n skrywe vanaf Rassie Erasmus waarin hy versoek dat goedkeuring van die Raad verkry word om na Sias Spangenberg se Gloster Kanaries om te sien terwyl laasgenoemde in Botswana werksaam is. Daar word besluit om die versoek aan die Raad vir goedkeuring voor te lê.

11.3 FC Hefer.

11.3.1 Daar is met spyt kennis geneem dat Frik Hefer as lid van die klub bedank. Frik word bedank vir die jare wat hy by die klub deurgebring het asook die hulp van hy verleen het.

12 Algemeen.

12.1 Jongvoëlskou 2012.

12.1 Daar word besluit om die die datum waarop die skou gedurende 2012 gehou sal word te laat oorstaan tot die Januarie 2012 maandvergadering. Teen daardie tyd sal al die skoudatums bekend wees en ‘n gepaste datum kan dan bepaal word.

12.2 Winterskou 2012

12.2.1 Aansoek om ‘n skoudatum sal deur die Jacaranda Skou Budgie Vereniging gedoen word. (Sien paragraaf 10.1.4). Rassie Erasmus en Petro Serfontein sal die klub se verteenwoordigers by die skoukomitee vergaderings wees om namens die klub te besin oor besluit rakende die skou.

12.2.2 ‘n Bespreking word gehou om die gevoel van die vergadering te verkry oor die aanbied van eendag skoue in plaas van twee dae. Die meerderheid lede is ten gunste daarvan om eendag skoue te hou. As gevolg van die brandstofpryse en tolhek fooie is dit die mening dat meer inskrywings hierdeur verkry sal kan word.

12.3 Nasionale Skou 2013.

12.3.1 Kennis word geneem dat looitjie lyste vir die uitloot van vier bande ter waarde van R4 000 deur Indaba Nyoni Klub voorberei is om fondse te verkry vir die aanbied van die Nasionale Skou 2013. Looitjie lyste sal by die volgende vergadering aan lede oorhandig word. ‘n Ernstige beroep word op lede gedoen om die looitjies te verkoop.

13.0 Maandelikse aktiwiteite

13.1 Geen**.**

14.0 Afsluiting.

14.1 Die vergadering verdaag om 21:00.

14.2 Die volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 12 September 2011.

SH Erasmus
Voorsitter
12 September 2011.

HB Groenewald
Sekretaris